

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**NO. 1334****28 OKTOBER 2016****PLIG OM DIE REKORDS, REKENINGKUNDIGE REKENINGE OF DOKUMENTE
INGEVOLGE ARTIKEL 29 VAN DIE WET OP BELASTINGADMINISTRASIE, 2011 (WET
NO. 28 VAN 2011), TE HOU**

Ingevolge artikel 29 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, vereis ek, Thomas Swabihi Moyane, Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, hierby dat die persone aangewys in die aangehegte Bylae die rekords, rekeningkundige rekeninge of dokumente in die Bylae voorgeskryf, moet hou.

Hierdie openbare kennisgewing is van toepassing op jare van aanslag wat op of na 1 Oktober 2016 begin.

T S MOYANE**KOMMISSARIS: SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

BYLAE

1. Algemeen

Enige woord of uitdrukking vervat in hierdie kennisgewing waaraan 'n betekenis ingevolge 'n **“Belastingwet”** soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, geheg is, het die betekenis aldus daaraan geheg tensy uit die samehang anders blyk en die volgende uitdrukkings het die volgende betekenis—

“getoetste party” beteken die party by 'n potensieel geaffekteerde transaksie wat vir die toepassing van 'n oordragprysbepalingsmetode gekies is;

“potensieel geaffekteerde transaksie” beteken 'n “geaffekteerde transaksie”, soos omskryf in artikel 31 van die Inkomstebelastingwet, sonder inagneming van paragraaf (b) van die omskrywing, maar sluit nie in enige transaksie, handeling, skema, ooreenkoms of verstandhouding beoog in artikel 31(5), (6) of (7) van die Inkomstebelastingwet nie;

“verbonde persoon” beteken 'n “verbonde persoon” soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, gelees saam met artikel 31(4) van die Inkomstebelastingwet.

2. Persone vereis om bepaalde rekords, rekeningkundige rekeninge of dokumente te hou

'n Persoon moet die rekords aangedui in paragraaf 3 en 4 hou indien die persoon—

- (a) 'n potensieel geaffekteerde transaksie aangegaan het; en
- (b) die totaal van die persoon se potensieel geaffekteerde transaksies vir die jaar van aanslag, sonder om enige potensieel geaffekteerde transaksies teen mekaar af te sit, R100 miljoen oorskry of redelikerwys verwag word te oorskry.

3. Rekords, rekeningkundige rekeninge of dokumente ten opsigte van struktuur en bedrywighede gehou te word

'n Persoon bedoel in paragraaf 2 moet die volgende rekords hou:

- (a) 'n Beskrywing van die persoon se eienaarskapstruktuur, met besonderhede van aandele of eienaarskapbelang wat 10 persent oorskry, daarin deur die persoon of deur ander persone gehou, asook 'n beskrywing van alle buitelandse verbonde persone waarmee die persoon transaksies aangaan en die besonderhede van die aard van die verbintenis;
- (b) Die naam, adres of vernaamste kantoor, regsvorm en jurisdiksie van belastinginwonerskap van elk van die verbonde persone waarmee 'n potensieel geaffekteerde transaksie deur die persoon aangegaan is; en
- (c) die persoon se besigheidsbedryf-opsomming, insluitend—
 - (i) 'n beskrywing van die besigheid (insluitend die tipe besigheid, besonderhede van die spesifieke besigheid en eksterne marktoestande) en die planne vir die hoof handelsbedrywighede (insluitend die besigheidstrategie);
 - (ii) 'n organogram wat die titel en ligging van die lede van die seniorbestuurspan toon;
 - (iii) vernaamste ekonomiese en regskwessies wat die winsgewendheid van die persoon en die bedryf raak;

- (iv) 'n beskrywing van enige besigheidherstrukturering of ontasbarebate-oordragte waardeur die persoon geraak of waarby die persoon betrokke was;
- (v) die persoon se marktaandeel binne die bedryf, ontleding van toepaslike markkompetisie-omgewing en sleutelkompeteerdere;
- (vi) die sleutel-waardedrywers geïdentifiseer deur beskikbare bedryfsnavorsing-bevindings of -verslae;
- (vii) bedryfsbeleid of bedryfsaansporings of -beperkings wat die persoon se besigheid raak;
- (viii) die rol van die persoon, asook die verbonde persone bedoel in subparagraaf (b), in die groep se toevoerketting;

4. Rekords, rekeningkundige rekeninge of dokumente ten opsigte van transaksies gehou te word

'n Persoon bedoel in paragraaf 2 moet die volgende rekords hou ten opsigte van enige potensieel geaffekteerde transaksie wat R5 miljoen in waarde oorskry of redelikerwys verwag word te oorskry:

- (a) Die aard en bedinge (insluitend prysbepalingsbeleid) van die potensieel geaffekteerde transaksies deur die persoon met elke verbonde persoon aangegaan;
- (b) Afskrifte van enige kontrakte of ooreenkomste wat betrekking het op die potensieel geaffekteerde transaksies deur die persoon met elke verbonde persoon aangegaan, indien sulke kontrakte of ooreenkomste in die gewone loop van besigheid voorberei is;
- (c) Enige ander beheer- en regulerende dokumente, soos volledige raadsnotules, aansoeke by en goedkeurings deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank, wat op die potensieel geaffekteerde transaksies van toepassing is;
- (d) 'n Aanduiding van watter party by die potensieel geaffekteerde transaksie die getoetste party is, indien toepaslik, en 'n verduideliking van die redes vir die party se verkiesing;
- (e) In verband met die getoetste party—
 - (i) 'n gedetailleerde toewysing van inkomstes, kostes, uitgawes en winste tussen sy verbondepersoontransaksies en onafhanklikepersoontransaksies, insluitend rekords van die toepassing van die oordragprysbepalingsbeleid en dokumente wat toon hoe die finansiële data wat by die toepassing van die oordragprysbepalingsmetode gebruik is, met die jaarlikse finansiële state versoen; of
 - (ii) indien die finansiële data vir die doeleindes van subparagraaf (i) nie regstreeks toegeken kan word nie, 'n verduideliking wat die toekenningsberedenering staaf en dokumentasie wat toon hoe die toekenning uitgevoer is;
- (f) Waar 'n getoetste party 'n belastinginwoner buite die Republiek is, die dokumente wat bewys lewer van die funksionele en risikoklassifisering van die getoetste party, wat insluit—
 - (i) 'n beskrywing van die besigheid (insluitend die tipe besigheid, besonderhede van die spesifieke besigheid, 'n organogram wat die titel en ligging van personeel by die potensieel geaffekteerde transaksie betrokke aandui en eksterne

CONTINUES ON PAGE 130 - PART 2



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 616

28 October 2016
Oktober

No. 40375

PART 2 OF 3

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5843



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

- marktoestande) en die planne vir die hoof handelsbedrywighede (insluitend die besigheidstrategie);
- (ii) kontrakte tussen die getoetste party en sy klante en leweransiers; en
 - (iii) kommersiële fakture tussen die getoetste party en sy klante en leweransiers; wat op die potensieel geaffekteerde transaksie van toepassing is;
- (g) 'n Beskrywing van die funksies uitgevoer, risikos aanvaar en bates toegepas deur die persoon en die verbonde persone by die potensieel geaffekteerde transaksie betrokke;
- (h) 'n Beskrywing van die ontasbare bates betrokke by die potensieel geaffekteerde transaksies, en hul invloed op die funksionele en risikoklassifikasie van die getoetste party;
- (i) Operasionele vloei insluitend inligtingvloei, produk vloei, en kontantvloei van die potensieel geaffekteerde transaksies;
- (j) Die vergelykbare data en metodes oorweeg en gebruik om die opbrengs op uiterste voorwaardes te bepaal en die ontleding uitgevoer om die oordragpryse of die toewysings van winste of verliese of bydraes tot koste, na gelang van die geval, ten opsigte van die potensieel geaffekteerde transaksies te bepaal, insluitend:
- (i) 'n Lys en beskrywing van geselekteerde vergelykbare onbeheerde transaksies (intern of ekstern), indien daar is, en inligting oor toepaslike finansiële aanduiders vir onafhanklike ondernemings, indien daar is, waarop in die ontleding staat gemaak is, insluitend 'n beskrywing van die vergelykbare soekmetodologie;
 - (ii) Opsommende bylaes van toepaslike finansiële data vir enige ander vergelykbare inligting wat in die ontleding gebruik is en die bronne waaruit die data verkry is;
 - (iii) Indien toepaslik, 'n verduideliking van die redes vir die uitvoer van 'n meerjarige ontleding;
 - (iv) Enige vergelykbaarheidsaanpassings gemaak en die redes waarom sulke aanpassings gemaak is;
- (k) Die aannames, strategieë, beleide en prysonderhandelings, indien daar is, wat die bepaling van die oordragpryse of die toekennings van winste of verliese of bydraes tot kostes, na gelang van die geval, ten opsigte van die potensieel geaffekteerde transaksies beïnvloed het;
- (l) Besonderhede van die aanpassings, indien daar is, wat aan die oordragpryse gemaak is om hulle in lyn te bring met die opbrengs op uiterste voorwaardes kragtens artikel 31(2) van die Inkomstebelastingwet bepaal en daaropvolgende aanpassing aan die totale inkomste of uitgawes vir belastingdoeleindes gemaak;
- (m) Met betrekking tot potensieel geaffekteerde transaksies wat finansiële bystandstransaksies is, die volgende rekords:
- (i) 'n Opsomming van finansiële vooruitskouings wat gelyktydig is met die betrokke finansiële bystandstransaksies, geprojekteer so ver soos sinvol is met betrekking tot die tydperk van die befondsingstransaksies, insluitend 'n duidelike beeld van die verwagte vlakke van rentedekking, hefboomfinansiering of ander toepaslike maatreëls oor die vooruitskouingstydperk;

- (ii) 'n Ontleding van die finansiële strategie van die besigheid, insluitend hoe kapitaal toegeken word en die verhouding tussen kapitaal en kontantvloeï uit bedrywighede en enige veranderings wat met die finansiële bystandtransaksies verband hou en besonderhede aangaande vernaamste kontantvloeï en die bronne van skuldterugbetaling;
- (n) Met betrekking tot potensieel geaffekteerde transaksies wat finansiële bystandtransaksies is met 'n termyn wat 12 maande oorskry, die volgende bykomende rekords:
 - (i) 'n Beskrywing van die befondsingstruktuur wat in plek gestel is of in die proses is om in plek gestel te word, insluitend die datums van transaksies, 'n duidelike stelling van die bron van die fondse (onmiddellik en uiteindelik), redes vir die verkryging van die fondse, hoe die fondse toegepas is of sal word (die doel van die finansiële bystand) en die terugbetalingsbedinge;
 - (ii) 'n Groepstruktuur wat alle toepaslike maatskappye dek en wat duidelik uiteensit enige veranderings aan die struktuur wat gedurende die loop van die finansiële bystandtransaksies plaasvind;
 - (iii) Afskrifte van die finansiële state en bestuursrekeninge mees onlangs opgestel voor die tydstop waarop die finansiële bystand verkry word en na die finansiële bystand toegestaan is; en
- (o) Afskrifte van bestaande unilaterale, bilaterale en multilaterale voorafprysbepalings-ooreenkomste en ander belastingbeslissings waarby SAID nie 'n party is nie en wat met die potensieel geaffekteerde transaksies verband hou.

5. Persone andersins vereis om rekords, rekeningkundige rekeninge of dokumente te hou

Indien 'n persoon 'n potensieel geaffekteerde transaksie aangegaan het en paragraaf 4 nie op die potensieel geaffekteerde transaksie van toepassing is nie, moet die persoon die rekords, rekeningkundige rekeninge of dokumente hou wat die persoon in staat stel om te verseker en SAID in staat stel om tevrede te wees dat die potensieel geaffekteerde transaksie onder bedinge van uiterste voorwaardes gevoer word.

6. Rekords deur verbonde persone gehou

Waar die rekords, rekeningkundige rekeninge of dokumente vereis word om ingevolge paragrafe 4 en 5 gehou te word, in die gewone loop van besigheid deur 'n verbonde persoon gehou word, sal 'n persoon die vereiste nakom om rekords, rekeningkundige rekening of dokumente te hou, mits die vereistes kragtens artikel 31 van die Wet op Belastingadministrasie nagekom word.

7. Alternatiewe reëlins met SAID

Waar 'n persoon redelikerwys verwag om 'n hoë volume potensieel geaffekteerde transaksies te hê wat onder subparagrafe (m) en (n) van paragraaf 4 val, kan SAID toestem tot alternatiewe rekords wat die persoon kragtens een of beide subparagrafe moet

hou om die persoon in staat te stel om te verseker en SAID in staat te stel om tevrede te wees dat die potensieel geaffekteerde transaksies onder bedinge van uiterste voorwaardes gevoer word.